# Kleinveevoeding en -produksie 420 (KVK 420)

| | |
|---|---|
| **Kwalifikasie** | Voorgraads |
| **Fakulteit** | Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe |
| **Modulekrediete** | 18.00 |
| **Programme** | BScAgric Veekunde |
| **Voorvereistes** | RPL 320, VGE 320, VKU 250 en VKU 260 |
| **Kontaktyd** | 4 lesings per week, 1 praktiese sessie per week |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Departement** | Vee- en Wildkunde |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

Gespesialiseerde voeding vir kleinvee en wild. Beginsels van kruipvoeding, droogtevoeding, winter- en aanvullende voeding. Voerhokvoeding en laaste voedingsvoorbereiding van lammers. Invloed van voeding op wol, velle en sybokhaar. Beplanning van voervloei. Kleinveebestuur, reëling van die skeerproses en voorbereiding van skeerskure en -toerusting, krale, dip-, drink- en voerfasiliteite. Voorbereiding en bemarking van velle, bokhaar en karakoel. Lamseisoene en kuddebestuur. Bestuursprogramme vir die produksie van wol, vleis, karakoelpels en sybokhaar volgens die betrokke ekologiese streek en vir droogtoestande. Kuddegesondheidsprogramme. Praktiese werk: Formulering van rantsoene teen die laagste koste en praktiese werk met klein herkouers.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.